

# Ons eer ons kollega en medewerker Mary-Anne Plaatjies-Van Huffel (1959-2020) †

Een van die laaste akademiese aktiwiteite hier op aarde waaraan ons kollega en vriendin Mary-Anne Plaatjies-Van Huffel meegewerk het, was hierdie supplementum wat fokus op die *Vier gereformeerde kerke in Suider-Afrika (1990–2020)*. Sy was nie net in hierdie bundel die outeur van waarskynlik een van haar laaste akademiese artikels nie, maar eweneens ook medegasredakteur van hierdie bundel tot en met haar afsterwe.

Mary-Anne het vier akademiese grade verwerf waarvan twee by die Universiteit van Wes-Kaapland. Daarna het sy twee doktorsgrade verwerf, die een by Unisa en die ander by UP. Sy is met die laaste proefskrif medebegelei deur die Nederlandse prof Mees te Velde. Sy is in 2010 by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch as dosent aangestel, en in 2020 word sy die eerste vrou om tot volle professor in hierdie fakulteit bevorder te word. Sy het in universiteitsgeledere op verskillende komitees gedien soos byvoorbeeld die Sosiale Impak-komitee asook die Transformasie-komitee. Sy was 'n produktiewe skrywer van akademiese opstelle wat in boeke opgeneem is en akademiese artikels wat in erkende tydskrifte gepubliseer is. Omdat daar veels te veel is om alles op te noem, word slegs op enkeles hier gefokus.

Van haar mees onlangse opstelle in boeke is die volgende: *Freedom of religion in South Africa* (2019), *The quest for religious pluralism in post-apartheid South Africa* (2018), *Acceptance, adoption, advocacy, reception and protestation: a chronology of the Belhar Confession* (2017) en *Afrikaans: voertaal, kerktaal, strydtaal in die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika* (2016). Enkele van haar mees resente tydskrifartikels is "Blackness as an ontological symbol: the way forward" (2020), "A history of gender insensitivity in URCSA" (2019), "Towards a theology of hospitality" (2019) en "From conciliar ecumenism to transformative receptive ecumenism" (2017).

Mary-Anne was een van die mees prominente en besondere vroue kerkleiers en pioniers wat Suid-Afrika tot dusver opgelewer het, en sy sal veral onthou word vir haar sterk ekumeniese en transformasie-georiënteerde leierskap.

Sy het eerstens binne haar eie kerklike geledere, naamlik die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, sterk leiding geneem, aanvanklik as assessor (visemoderator) van die VGKSA (2008–2012) en uiteindelik as die eerste vroue moderator (voorsitter van die Algemene Sinodale Moderamen) tussen die jare 2012 en 2016. Tweedens het sy binne die wêreldwye gereformeerde familie ook haar merk gemaak as lid van die "Gender Team" asook die "Public Issues Committee" van die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke. Derdens het sy binne die heel grootste ekumeniese organisasie ter wêreld naamlik die Wêreldraad van Kerke 'n baie belangrike bydrae gelewer as lid van die Sentrale Komitee maar ook as medepresident, spesifiek verantwoordelik vir die Afrika-streek.

Behalwe haar rol as kerkleier was Mary-Anne een van die mees prominente vroue teoloë in Suid-Afrika en in Afrika. Sy was nie net sedert 2010 lid van die "Circle of Concerned African Women Theologians" nie maar ook 'n lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, van die Kerkhistoriese Werkgemeenskap van Suidelike Afrika, die Kerkreg-werkgemeenskap van Suid-Afrika asook die "International Consortium for Law and Religion Studies". As vroue-teoloog was sy nie net hoog gewaardeer sowel binne- as buitelands nie, maar het sy visionêre en dinamiese leiding op onder andere die terreine van gender-studies, patriargie, geregtigheid, kerkhereniging en ekumeniese leierskap geneem. As spreker het sy by talryke nasionale en internasionale vroue, kerklike en teologiese konferensies opgetree.

Met hierdie huldeblyk aan Mary-Anne Plaatjies-Van Huffel eer ons ons vriendin, kollega en ook iets van 'n moederfiguur. Sy was lojaal, denkend, toeganklik en sorgsaam saam met ons oor die gereformeerde kerke in Suid-Afrika, oor die breë kerk van Christus, oor ons land maar ook oor 'n wêreld in nood. Haar aardse invloed en nalatenskap leef intussen voort in die geskiedenis van kerk en samelewing veral hier in Afrika, terwyl die hemele roem oor haar diens aan die Koninkryk.

Ons eer jou, maar bo alles aan God die eer!

